# Hoofstuk van die dag: 1 Konings 2

> *Daar is ook nog Simeï seun van Gera die Benjaminiet, uit Bagurim. Hy het my vreeslik gevloek … (vers 8)*

Die begin van Salomo se regering is wreed. ’n Hele paar koppe rol in die proses – Salomo se broer Adonia, omdat hy as oudste seun ’n sterk aanspraakmaker op die troon was, en dan ook manne vir wie Dawid nie in sy leeftyd vasgevat het nie: Joab, wat nie net sy twee direkte konkurrente Abner en Amasa koelbloedig vermoor het nie, maar ook vir Absalom, en verder ook die Benjaminiet Simeï. Dis moeilik om Salomo vanuit die 21ste eeu se waardes te beoordeel, want hy het in ’n tyd geleef toe ’n mens se lewe goedkoop was. Maar tog.

Dawid beveel Simeï se dood omdat hy hom gevloek het (vers 9). Destyds is geglo dat ’n vloek (soos ’n seën) se invloed voortduur. Ons dink nie meer so nie. Tog kan ’n negatiewe woord, ’n gerug of skinderstorie iemand se lewe verwoes. Mense verslind verdraaide waarhede en leuens tog te graag (Spr 18:8). Jakobus sê die tong het groot mag, ’n rustelose kwaad, vol dodelike gif (Jak 3:5, 8).

Sy tong het Simeï sy lewe gekos. ’n Wyse mens tel sy woorde.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026